



Nog 'n V.P.-Man ten Gunste van Republiek

Die tweede republikeinse pleidooi van 'n Verenigde Party-lid het verlede week plaasgevind en wel in Natal, waar 'n provinsiale raadslid hom ten gunste van 'n republiek uitgespreek het. Die eerste, waarvan twee weke gelede in Die O.B. melding gemaak is, het op die Transvaalse kongres geskied waar 'n Afrikaanssprekende afgevaardigde van Rustenburg, mnr. B. Kloppers, gesê het dat die republikeinse drang by almal aanwesig is.

Die jongste pleitbesorger binne die V.P. vir 'n republiek is 'n Engelssprekende, mnr. A. N. Ingle, L.P.R., wat in 'n toespraak gesê het dat oor 'n republiek by wyse van referendum besluit moet word en dat die republiek demokraties vir alle seksies aanneemlik moet wees.

Suid-Afrika sal beslis 'n republiek kry, maar nie noodwendig 'n republiek onder invloed van die Broederbond nie, het hy gesê. Die republiek sit die Afrikaners in die bloed. Die Verenigde Party se konstitusie maak ook voorsiening vir 'n verandering van staatsvorm, en binne die Verenigde Party is baie mense van dieselfde kaliber en van dieselfde uitkyk as lede van die Nasionale Party. Daar moet agting aan republikeine betoon word.

BRITTANJE NIE MEER SELFDE

„Ons het sommige mense in Natal wat meer Engels is as wat koning George ooit was,” het hy gesê.

„Brittanje het in die afgelope twintig jaar heelwat verander,” het mnr. Ingle voortgegaan. „Is ons tevrede met die uitkyk van die Sosialistiese tipe van regering oor kleursake? Dit lyk nie asof dit pas nie.

„Daar moet oor 'n demokratiese soort republiek besluit word wat vir alle seksies aanneemlik is, en die volkswil oor so 'n republiek moet by wyse van referendum bepaal word.”

Hy het later verduidelik dat as die Verenigde Party aan bewind kom, moet hy so 'n referendum hou en 'n republiek uitroep indien twee-derdes van die kiesers daarvoor is.

CONGRESS-LEIER OOR BLANKES

„Daar is nie die minste verskil tussen die Afrikaanse en Engelse bevolkingsdele nie. In die Engels-Afrikaanse oorlog het ons aan die kant van die Engelse geveg en by Vereeniging het die Engelse ons aan die vyand verkoop.

„Die blankes het vir drie eeue hul planne opgestel om die natuur 'n bediende te hou. Dit is waarom hulle die beste in die reserwes uitdun. Hulle weet dat as hulle die natuur van sy beste beroof, hy verplig word om werk te soek by die blankes.”

Hierdie uitlating is afkomstig van die Kaaplandse leier van die African Congress, dr. James Njongwe. Onder meer bevestig dit die waarskuwing dat die versetbeweging gemik is nie teen die Nasionale Party nie, maar teen die blankes as geheel.

WATTER BLANKES GAAN UITGELEWER WORD NÁ DERDE WÊRELDOORLOG ?

Die Britse regering het verlede week op Maandag sy gesag oor die voormalige Italiaanse kolonie, Eritrea, in Noord-Afrika oorgedra aan die swart keiser van Abessinië, Haile Selassie, met wie se koninkryk Eritrea nou 'n federasie vorm. Die gebied was vir 'n halwe eeu lank Italiaanse besit, en is gedurende die Tweede Wêreldoorlog van Italië afgeneem en onder bestuur van Brittanje geplaas. Met die vooruitsig om voortaan onder die swart keiser van Abessinië te staan is die Italiaanse bevolking van die gebied besig om die land so vinnig as moontlik te verlaat. Van die blanke bevolking van ongeveer 80,000 het daar nog net 17,000 oorgebly.

So het die Tweede Wêreldoorlog — waartoe Suid-Afrika 'n groot en onvoorwaardelike bydrae gelewer het — geëindig in die verdere uitbanning

van 'n blanke gemeenskap, net soos die Eerste Wêreldoorlog geëindig het in die uitdrijving van die Duitse gemeenskap uit Tanganjika en die uitlewing van die gebied deur Brittanje aan nie-blankes.

Elke wêreldoorlog het vir die blanke in Afrika 'n agteruitgang beteken. Suid-Afrika staan weer gekompromitteer om saam met Brittanje aan 'n derde wêreldoorlog deel te neem ter „beskerming van Afrika.”

Hierdie keer is daar blykbaar geen blanke Europese moondheid wat uitgedryf sal word nie, maar die gevaar is groot dat 'n groot deel van die gevestigde blankes in Suidelike Afrika ná die derde wêreldoorlog deur Brittanje aan swart oorheersing uitgelewer sal word. Die tekens, met 'n Arbeidersbewind in vooruitsig, is reeds aanwesig. Die vraag is, wat word gedoen

om VOOR die derde wêreldoorlog te verseker dat die blankes in Afrika nie hierdie oorlog teen Brittanje sal verloor nie.

Enige eise en aansprake moet VOOR deelname aan die oorlog tot uitvoering gebring word. Word dit gedoen? Is daar al eise gestel, onder andere ten opsigte van die verdeling van Suidelike Afrika in blanke en natuurlike state?

Legion Steun Versetpleging

Die Springbok Legion het sy steun toegesê aan die nie-blanke versetplegers, 'n Rondsrywe wat uitgestuur is onder die naamtekening van die voorsitter verklaar dat die Legion die versetveldtog beskou as die voorloper van 'n „volledige demokrasie in die plek van die huidige eensydige demokrasie”.

SAMEWERKING NOU V.P. SE VERKIESINGSKREET

Terwyl dr. Malan op die Strand aangekondig het dat hy die Britse Protektorate by die volgende verkiesing gaan bysleep, is die Verenigde Party-leiers besig met 'n veldtog vir die uitligting van die kleurvraagstuk uit die partypolitiek. Sowel die hoofleier van die party, mnr. J. G. N. Strauss, as die provinsiale leiers het reeds pleidooie daarvoor gelewer. Een van die openhartigste betoë vir samewerking is afkomstig van die Transvaalse L.U.K., mnr. Blaar Coetzee.

„Apartheid,” het hy gesê, „is maar net 'n nuwe woord vir 'n baie ou idee wat die tradisionele beleid van Suid-Afrika weergee. Die enigste verskil tussen die Nasionale Party en Verenigde Party se beleid kom daarop neer of die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys verwyder moet word ooreenkomstig die prosedure wat in die grondwet neergelê is, of in stryd met die grondwet.”

Hy is oortuig dat as die twee partye bymekaar kom en die regering willig in om die grondwet te eerbiedig, 'n tweederde meerderheid verkry sal kan word met die Verenigde Party-steun.

„Indien die Nasionale Party en Verenigde Party mekaar se kele moet afsny terwille van hierdie Kleurlingkiesers, is dit die dwaasste en nuttelosste stryd wat ek nog ooit gesien het.” Albei partye staan vir maatskaplike en woonbuurte-skeiding en is teen bloedvermenging.

Mnr. Coetzee het voorts gesê dat die twee partye se beleid albei verskil van dié van Sabra en die kerke, wat algehele segregasie voorstaan.

„Op hierdie punt stem die Verenigde Party saam met dr. Malan wat verklaar het dat

PARTYE BAKLEI OOR KOALISIE

„Die Verenigde Party se praatjies oor koalisie skep net verwarring. Die Nasionale Party stel nie belang in koalisie nie. Die vraagstuk waaroor 'n koalisie sal moet gaan is die kleurvraagstuk, maar hierdie vraagstuk bied geen geleentheid hoegenaamd vir gesamentlike optrede tussen die twee partye nie,” het min. H. F. Verwoerd verlede week op Ventersdorp gesê.

Op Standerton het die V.P.-leier, mnr. J. G. N. Strauss, gesê dat dit die regering se plig, en nie die opposisie s'n is nie, om 'n poging tot toenadering te doen oor koalisie.

algehele apartheid onprakties en onmoontlik is, aangesien die natuurlike op blanke plase, in die myne, die nywerhede en in die huise, werk.

„Ons kan die blanke beskawing slegs handhaaf indien die twee bevolkingsdele die kleurvraagstuk gesamentlik oplos op

N.P. SE ANTWOORD

Van Nasionale Party-kant word op die V.P.-voorstelle geantwoord dat dr. Malan reeds meermale in die afgelope jare aangebied het om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig, maar dat dit deur die V.P. geweier is omdat dr. Malan apartheid as grondslag geëis het.

Iemand wat die hart van partypolitiek ken, sal nie sonder meer nou gaan aanneem dat ons op die punt staan van 'n oplossing van die kleursake nie. Dr. Malan het reeds tevore sy aanbod tot samewerking gemaak, en dit is geweier oor die woordjie „apartheid”, hoewel die V.P.-leiers nou self erken dat hulle 'n beleid van „afsondering” voorstaan en hulle dit reeds vier jaar gelede ook al voorgestaan het, soos Die O.B. verlede week aangetoon het. Die rede waarom die V.P. dr. Malan se aanbod van die hand gewys het, was nie omdat hulle grondige besware teen die inhoud van sy voorstel gehad het nie, maar hulle kon dit nie aanvaar nie omdat dit „oor die vloer van die Huis” gemaak is, dit wil sê as deel van die partypolitieke oorlog; en ons vrees dat die huidige veldtog van die V.P. vir samewerking in dieselfde gees as 'n partypolitieke offensief onderneem is. Dit is bedoel

as 'n blote verkiesingset teen dr. Malan se taktiek om die volgende verkiesing weereens oor kleur te veg.

MOTIEF

Die V.P. wat self apartheid as beleid aanvaar, maar deur die partystelsel gedwing word

Beginselferskil Tussen Partye Bestaan nie

om as opposisie standpunt in te neem teen die Nasionale Party, besef dat hy baie stemme in die verlede verloor het omdat sy opposisieskap die indruk moes skep dat hy teen apartheid is. En aangesien dr. Malan by die volgende verkiesing weereens op die kleurperd gaan ry, besef die V.P. dat hy geen kans het om naby die wenpaal te kom nie. Die beste taktiek is dus om „samewerking” as perd op te saal en die partypolitiek-vermoeide volk met hierdie slagkreet te oorrumpel. Die V.P. kan niks daarmee verloor nie. Solank sy saamwerkvoorstel as partypolitieke ammunisie vanaf die openbare verhoog na dr. Malan geslinger word, sal laasgenoemde wel 'n afweerwapen in die een of ander formule (Vervolg op bl. 4 kolom 2)

Kanada nie Bereid om Engeland net Hulp te Gee nie

Kanada het so pas die voorbeeld gestel om nie klakkeloos agter moeder Engeland aan te loop en maar net te offer wat „sy” vra nie. Soos 'n paar maande gelede reeds aangekondig, het Londen 'n Empire-konferensie van eerste ministers vir November belê waarheen alle eerste ministers (of hul plaasvervangers) van die dominiums na Londen ontbied is om aandag te skenk aan Brittanje se wankelende ekonomiese toestand.

Die bedoeling van Londen is om die Empire of Statebond tot 'n nog groter ekonomiese eenheid saam te weef sodat Brittanje se bloedarmoedige liggaam gevoed kan word uit die jeugdigste are van die dominiums — soos tot 'n groot mate reeds gebeur byvoorbeeld deur Suid-Afrika se goud wat na Londen gaan om deur Britse goed te koop wat in jare nie afgelewer word nie.

Die agenda het Londen tot hierdie ekonomiese integrasie beperk, en onmiddellik is 'n komitee in Londen saamgestel om planne vir die konferensie uit te werk. Maar een dominium, Kanada, was nie bereid om hom aan die neus deur Londen te laat lei nie. Die Kanadese regering het die Britse regering laat weet dat indien die

agenda nie uitgebrei word om ook die metodes van eie hulp te oorweeg nie, Kanada nie teenwoordig op die konferensie sal wees nie. Na heelwat teenstribeling het Londen toegegee, en op Kanadese aandrang sal die konferensie nou nie net die metodes van hoe Brittanje deur dominiale hulp gered kan word oorweeg nie, maar ook hoe Brittanje gered kan word deur sy eie inspanning.

Om dit minder aanstootlik vir Brittanje te maak, sluit die agenda-punt in dat ondersoek ook ingestel moet word na ander dominiums se binnelandse aangeleenthede vir sover dit ekonomiese beleid betref.

Die Kanadese standpunt is dat die Britte self 'n bydrae moet lewer deur of harder te werk of minder te gebruik.

DIE O.B., WOENSDAG, 24 SEPTEMBER 1952

TWEEDERDES NODIG VIR REPUBLIEK? NOOIT!

Op sy Kaaplandse kongres het dr. Malan gesê dat as die bepaling deurgevoer word dat aan die Kleurlingverteenvoordinging net verander kan word by 'n gesamentlike sitting van albei huise, beteken dit dat ons die koningskap nie kan verander nie. „Dit beteken dat Suid-Afrika nie 'n republiek kan word nie, en dit dui in teen iets wat al jare deur die hele Statebond erken word — dat elke lid van die Statebond die reg het om af te skei en 'n republiek te word. Dit het my tydens die konferensie van 1949 getref dat al die Statebondse ministers daaroor eens was. Maar as die hofuitslag die deurslag moet gee, sal hierdie reg van Suid-Afrika aangetas wees, en sal hom sy vryheid ontnem word.”

Ons is van mening dat dr. Malan in 'n poging om steun te wen vir sy Kleurlingwetgewing, wat deur die geregshowe van die land veridel is op grond van konstitusionele besware, sy konsekwensies te ver dryf en onnodig die republikeinse strewe in bande lê. 'n Paar weke gelede reeds het min. Ben Schoeman gewag gemaak van 'n twee-derde meerderheid wat hy meen die Nasionale Party vir die uitroeping van 'n republiek nodig ag en as die indruk nou boonop nog deur die hoofleier van die party geskep word dat ons nie wetlik by magte is om 'n republiek met minder as twee-derde meerderheid te stig nie, kan dit tot groot frustrasie lei.

REG IS VERKRY

Die reg van Suid-Afrika om 'n republiek buite die Britse Statebond te word, is deur genl. Hertzog verkry en is vasgelê in die Statuut van Westminster en ons Statuswet. Van die kant van Brittanje kan daar geen beswaar meer wees indien Suid-Afrika van sy reg om af te skei gebruik maak nie, soos Ierland in 1949 gedoen het. Dit is trouens ook nie wat dr. Malan ontken nie. Sy betoog kom daarop neer dat die geregshowe nou op grond van dieselfde besware as dié in verband met die Kleurlingwetgewing, beswaar sal maak teen die uitroeping van 'n republiek indien dit met minder as twee-derde meerderheid van die gesamentlike parlement sou geskied. Ons moet ernstig waarsku teen hierdie opvatting, omdat dit op 'n dwaling berus. Die twee dinge — die Kleurlingwet en 'n republiek — het niks gemeen nie en kan nie oor een konstitusionele kam geskeer word nie. Die moeilikheid waarin dr. Malan hom vandag bevind, spruit juis uit die feit dat hy aan ons Britse grondwet begin torring het in plaas van 'n republiek met 'n nuwe grondwet uit te roep.

Die Suid-Afrika-wet is die erkende grondwet van die Unie en solank hierdie wet as sodanig gehandhaaf word, moet ons houe die bepaling daarin vervat in ag neem by hul regspleging. Oor die vraag of sekere wetgewing aan die vereistes van die grondwet voldoen of nie, kan daar verskil van mening bestaan, en tot tyd en wyl helderheid oor wat die begrip „parlementêre soewereiniteit” presies inhou, die teen-deel uitwys, sal dit die taak van 'n hof — die bestaande of 'n nuwe — wees om uit te maak of aan die vereistes van die grondwet voldoen is. In die onderhawige saak het die tradisionele geregshowe bevind dat die betrokke wet nie aan die bepaling van die grondwet voldoen nie. 'n Mens mag verskil van hierdie uitspraak maar oor die reg van die houe om die grondwet te erken kan niemand verskil nie.

REPUBLIEK BERUS OP ANDER WET

Heeltemal anders word die posisie indien ons regering sou besluit om gebruik te maak van sy reg om sy regeringsvorm te verander — 'n reg wat hom nie deur die Suid-Afrika-wet verleen is nie, maar deur die latere Statuut van Westminster. Indien iemand die reg van 'n regering om 'n republiek uit te roep sou wou betwis, sal die houe hierdie stap nie aan die Suid-Afrika-wet moet toets nie, maar aan die Statuut van Westminster en die Statuswet. En hierdie reg, waarvan Ierland en Indië (laasgenoemde nie so volledig nie) reeds gebruik gemaak het, sal baie moeilik voor 'n hof betwis kan word.

En as 'n republiek dan wel wettig is kragtens die Statuut van Westminster, dan is dit wettig dat die parlement soos tans saamgestel (koningin, volksraad en senaat), verval en dat 'n nuwe vorm van regering in die plek daarvan gestel kan word, waarop die bepaling van die Suid-Afrika-wet uit die aard van die saak geen betrekking meer het nie. Suid-Afrika kom dan met 'n nuwe grondwet wat die Suid-Afrika-wet vervang, met verskanste klousules en al.

REG VERANDER NOG NIE STATUS

Die fout wat dr. Malan blykbaar maak is dat hy die REG om af te skei as voldoende magtigting beskou om die Suid-Afrika-wet kragteloos te maak. Dit kom op dieselfde neer as wanneer 'n vreemdeling na verblyf van vyf of ses jaar (namate hy Brits of nie-Brits is) sy stemreg sou eis sonder dat hy eers die prosedure van registrasie as burger deurloop het. Die blote REG om burger te word na ses jaar, onthef hom nog nie van sy beperkinge as vreemdeling nie. Eers moet hy GEBRUIK maak van sy reg en hom laat registreer. Daarna verval al sy vroeëre beperkinge.

(vervolg in volgende kolom)

Van die Os op die Esel

Gekskeerdery met die Volk

Die jongste partypolitieke of-fensief om die kleurbeleid van die Nasionale Party en die Verenigde Party gelyk te skakel, het my opnuut laat besef hoe moeilik dit vir gewone mense is om te onderskei tussen waarheid en propaganda. Dit het weer 'n keer die onaangename feit by my tuisgebring dat die partypolitiek maar net 'n spel is — en dat dit bowendien 'n speletjie is waarin die beroepspolitici die gek skeer met die volk.

Ek sal die feite noem.

Op 3 September het mnr. J. G. N. Strauss, die leier van die Verenigde Party, sy party se kleurbeleid in Pretoria soos volg uiteengesit: (1) Maatskaplike afsondering; (2) geen bloedvermenging nie; (3) afsonderlike woonbuurtes; en (4) aanwending van nie-blanke arbeid in belang van die hele gemeenskap (met ander woorde) aanvaarding van territoriale en ekonomiese integrasie. Voorts het mnr. Strauss gesê dat dit die V.P. se beleid is om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig.

Dr. Dönges antwoord mnr. Strauss

Op 13 September het dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, op Uitenhage die beleidsverklaring van mnr. Strauss behandel. Volgens Die Burger het hy daarop gewys dat dit baie op die lees van die regering se apartheidbeleid gekoei is. Voorts sou hy gesê het: Die V.P. wil nou ook die kleurvraagstuk buite die politiek behandel en oplos, maar toe dr. Malan in 1948 en 1949 met so 'n aanbod na hulle gekom het, het die leier van die opposisie gesê dat hulle die aanbod nie kan aanvaar nie, omdat hulle nie kan saamwerk met apartheid as grondslag nie. „Nou reik hulle 'n beleidsverklaring uit wat baie na aan apartheid is.”

Voortgaande het dr. Dönges gesê: Aangesien hulle dan nou 'n kleurbeleid het wat so naby apartheid is, sal 'n mens graag wil sien dat die huidige leier van die opposisie moet vra of die aanbod van dr. Malan om die kleurvraagstuk buite die politiek op te los, nog steeds staan.

Dit is 'n pertinente uitnodiging aan die opposisie om met die regering samewerking te soek ten einde die kleurvraagstuk op te los, op grondslag van die regering se apartheidbeleid en die opposisie se beleid wat na aan apartheid is.

(vervolg van vorige kolom)

Net so bly Suid-Afrika gebonde aan die bepaling van die Suid-Afrika-wet — of kan hy as gebonde daaraan beskou word, — tot tyd en wyl hy GEBRUIK MAAK van sy selfbeskikkingsreg en 'n republiek word met 'n nuwe grondwet. Hiervoor het hy geen twee-derde meerderheid nodig nie, want die wet waaraan hy hierdie reg ontleen, naamlik die Statuut van Westminster, het geen sodanige „verskanste klousule” nie.

Deur te beweer dat ons nie die reg het om met 'n gewone meerderheid 'n republiek uit te roep nie, is 'n net besig om 'n nuwe spook langs die reeds moeilike republikeinse pad op te hang. Laat die Nasionale Partyleiers liewers, soos Die Transvaler onlangs gedoen het, die oplossing van hul moeilikheid sien in die uitroeping van 'n republiek, in plaas van hul moeilikheid as struikelblokke in die pad na die republiek te kom rol.

Deur Sybrand

„Genoegsame Gemeenskaplike Gronde”

Dit is nie die eerste keer dat 'n verantwoordelike leier van die Nasionale Party erken dat daar baie min verskil is tussen die regering en die opposisie se kleurbeleid nie. Reeds op 26 Januarie 1949 het dr. D. F. Malan in die volksraad voorgelees uit die V.P. se verklaring van sy natuurelbeleid. Die laaste deel wat hy voorgelees het, het gelui:

„Derhalwe is die Verenigde Party nie ten gunste van 'n beleid van gelykstelling of assimilasië nie en staan hy vir die handhawing van 'n beleid van afsondering . . .”

Dr. Malan het homself in die rede geval om op te merk: „Afsondering is baie sterker as apartheid.”

Voortgaande het hy gelees: „ . . . vir die handhawing van 'n beleid van afsondering op maatskaplike gebied, aparte woonbuurte en ook die vermyding van rassevermenging en die ontwikkeling, met inagneming van die voornoemde feite van verskil, van die natuurelbevolking in hulle eie en in die land se belang. Sodanige ontwikkeling sal onder blanke leiding plaasvind (a) in die natuurelreserwes as die nasionale en kulturele grondslag van die natuurelras, ens. . . .”

Dr. Malan het toe vervolgens gesê: „Ek vra, met die oog op wat ek hier voorgelees het as die verklaarde beleid van daardie kant van die huis, of daar nie genoegsame gemeenskaplike gronde is dat ons met betrekking tot die natuurelverraagstuk gesamentlik met mekaar kan raadpleeg nie. Daar is genoegsame gronde daarvoor.”

Ander Ontvangs vir V.P. se Kleurbeleid

Maar ten spyte van die „genoegsame gemeenskaplike gronde” wat dr. Malan aangestip het, het die Nasionale Party en die Verenigde Party vir nog drie volle jare daarna soos katte en honde baklei oor hierdie selfde vraagstuk.

Wat nou gebeur het, is dat mnr. Strauss, in byna dieselfde woorde, die beleid wat sy party op 1 Oktober 1948 aangekondig het, weer herhaal het. Daar is egter 'n verskil tussen die V.P. se beleidsverklaring van Oktober 1948 en mnr. Strauss se herhaling daarvan in September 1952. In 1948 het nog die V.P.-koerante nóg die H.N.P.-koerante kennis gegee van die V.P. se aankondiging van sy kleurbeleid. Selfs dr. Malan se verklaring in die Volksraad oor die „genoegsame gemeenskaplike gronde” tussen die partye se beleid is deur sowel die V.P.-koerante as die H.N.P.-koerante of verswyg of skadeloos versnipper. Dit het blykbaar albei die partye beter gepas om liewer maar voort te baklei oor kleurbeleid as om aan hulle volgelinge te vertel dat hulle onderskeie kleurbeleid „genoegsame gemeenskaplike gronde” vir samewerking het.

In 1952 kry mnr. Strauss se herhaling van sy party se kleurbeleid groot publisiteit in die pers en die Nasionale Party neem op kabinethoogte daarvan kennis. Nou hoor ons weer skielik dat die V.P. se kleurbeleid baie na aan apartheid is en die V.P. se mnr. Blaas Coetzee, L.U.K., vertel dat die V.P. en die N.P. met mekaar saamstem dat die Kleurlinge op aparte kieserslyste geplaas moet word — net die V.P. wil hê dit moet konstitusioneel geskied en die N.P. is gewillig om dit onkonstitusioneel te doen.

Partye se Beleid word gelykgemaak

Mnr. B. A. Kloppers, 'n Rustenburgse afgevaardigde na die Transvaalse V.P.-kongres het op 6 September 1952 aan Die Vaderland gesê: „Is daar werklik so 'n fundamentele verskil tussen die twee groot partye oor die kleurkwessie? My oorlede leier, genl. Smuts, het in die volksraad gesê dat die V.P. staan vir afsondering. Ek kan hoegenaamd geen verskil tussen afsondering of apartheid of segregasie sien nie, en as genl. Smuts afsondering as die beleid van die party neergelê het, voel ek oortuig daarvan dat daar voldoende gemeenskaplike gronde bestaan om 'n grondslag vir samewerking op apartheid of afsondering te vind, mits die goeie wil daar bestaan.”

Ek gaan nie meer aanhalings plaas uit verklarings van bekende en onbekende persone om te wys hoedat die kleurbeleid van die V.P. en die N.P. nou gelykgeskakel word nie. Ek wil daarop wys dat die kleurbeleid van die twee partye nog maar altyd min of meer dieselfde was. En my gesag is niemand minder as die Eerste Minister nie en my bron is die verklaring wat hy alreeds drie jaar gelede gedoen het. En nogtans het die partye dit reggekry om hulle volgelinge soos katte en honde te laat baklei oor hul kassige botsende kleurbeleid wat per slot van rekening maar eenders is! Dit is wat ek noem gekskeerdery met die volk.

Onskuldige Volgelinge van die Partye

En dink net aan die onherstelbare kwaad wat in die buiteland aan ons volk en ons land berokken is deur hierdie bakleiery. En dink aan die talle onskuldige N.P.-volgelinge sowel as V.P.-volgelinge wat mekaar jarelank in die hare gevlug het, omdat hulle eerlik onder die indruk verkeer het (miskien nog verkeerd) dat hulle oor kleurbeleid van mekaar verskil. Nou moet hulle uitvind dat hulle al die jare met mekaar saamgestem het! Dit is mos stuitig.

Die O.B.-blad het lankal gewaarsku teen die onnodigheid van die partye om met mekaar oor kleurbeleid te twis. Die blad het volgehou dat die partye se beleid eenders — en verkeerd is. Sedert die Nasionale Party algehele apartheid verwerp het en die aanbevelings van die Fagan-verslag as sy beleid begin uitvoer het, is die kleurbeleid van die twee partye gelyk gemaak. Teenoor die beleid van die politieke partye moet die beleid van algehele apartheid gestel word — die enigste beleid wat 'n blywende en billike oplossing van die kleurvraagstuk inhou.

Die Politieke Spel word anders gespeel

Ten slotte wil ek die vraag stel: Waarom het die beroeps-politici dan nou skielik so 'n treffende ooreenkoms tussen die V.P. en die N.P. se kleurbeleid ontdek? Ek dink ek kan reg raai. Die omstandighede het meegebring dat die partypolitieke spel nou effens anders gespeel moet word.

Die Nasionale Party sit met hulle hande in hulle hare. Hulle moet die konstitusionele krisis oplos en terselfdertyd die Kleurlinge op aparte kieserslyste plaas. Maar hulle weet nie hoe om dit te doen sonder 'n tweede parlementêre meerderheid nie. Wat moet hulle nou doen?

(Vervolg op bladsy 3 kolom 5)

BESLUIE VAN LAERTREK GEKRITISEER

„Beginselvas O.B.,” Natal, skryf:

Ek het met die grootste belangstelling die persberigte oor die O.B.-laertrek gelees en tot my spyt moet ek erken dat die hele affêre 'n slegte smaak in my mond agtergelaat het en bowendien voel ek dat die besluite van die laertrek beslis onoortuigend is.

In die eerste plek: Die Grootraad het jare gelede besluit dat O.B.-lede na oortuiging by 'n politieke party mag aansluit. Waarom word hierdie besluit herhaal? Dit is in elk geval moeilik vir my of te verstaan hoedat 'n oortuigde Brandwag by 'n politieke party kan aansluit. Sedert 1941 is ons vanaf die rostrum en deur middel van pamflette van die ewels van die partystelsel vertel en bowendien sien ons ook elke dag dat 'n politieke party onbekwaam is om landsprobleme op te los; hoe op aarde kan 'n getroue lid by 'n stelsel aansluit wat teen sy eie en teen die beginsels van die O.B. is?

In die tweede plek: Die Grootraad het besluit dat dit die positiewe taak van die O.B. is om 'n republikeinse staat, geskoei op die model van die tradisionele partylose Republiek van Transvaal te stig. Het die Grootraad dan nie alreeds in Oktober 1951 besluit om 'n republikeinse beweging en antipolitiekepartyfront te skep nie? Was die besluite van verlede jaar dan onwettig dat dit herhaal moet word? Die huidige regeringsparty het by wyse van sy ministers talle maal verklaar dat hy nooit 'n republiek sal uitroep tensy die oorgrote meer-

derheid van die bevolking daarvoor is nie. Graag wil ek nou weet hoe daardie lede wat by die politieke partye gaan aansluit die republiek gaan verkry?

In die derde plek: Die hoogste gesag van die O.B. berus nou glo in vier persone maar niks is van die organisasie gesê nie. Ons verstaan dat om in die goeie guns van die partypolitiek te kom is die kwasie-militêre grondslag om 'n K.G. en A.K.G. te hê, afgeskaf. Moet ons nou verstaan dat die generaals in „voorsitters” verander sal word en die kommandante „komitee-lede” sal wees? En hierdie vier persone, het hulle enige dissipline magte en hoe sal hulle die gevoelens van die massas agterkom as daar nie 'n uitgebreide Grootraad is nie?

Nee, mnr. die Redakteur, ek voel beslis nie tevrede nie as ek terugdink aan die verlede, die geboorte van die Ossewabrandwag in die Eufesjaar toe die Afrikaner volksbewus geword het, aan sy ontwikkeling toe hy 'n ledetal van 'n kwart miljoen had aan die vervolging en teisteringe van die oorlogsjare, aan die Noodhulpfonds toe nie een partymen 'n pennie gegee het nie, en nou aan die anti-klimaks. Sal ons nie met Dawid uitroep: „Hoe het die helde geval diep in die stryd!”

Ek kry die indruk, mag ek verkeerd wees, dat 'n element in die O.B. ingesypel het wat politieke aspirasies het en omdat daardie aspirasies nie langs die weg van die O.B. volbring kan word nie, word daar by 'n politieke party na gesoek. Ek voel dus dat as daar O.B.-lede is wat nou oortuig is dat die politieke partystelsel reg is en die O.B. al die tyd op 'n dwaalspoor was, hulle eerlik moet wees en erken dat hulle nou partymanne geword het en nie meer in O.B.-beginsels glo nie. Dit is nie vir my duidelik hoedat 'n waaragtige O.B.-man ook 'n partyman kan wees nie. Olie meng nie met water nie.

Daar is nogal heelwat Brandwagte, sonder politieke aspirasies, wat in 'n strik gevang is. Die huidige regerende party wil die volk vertel dat hy die enigste politieke party is wat Suid-Afrika vir die blankedom kan of sal red. Is dit nie somaar 'n partyslagkreet nie? Daar word ook gesê dat as die ander kant die verkiesing wen is dit klaar met die Afrikanerdom. Dit mag so wees en dit mag ook nie so wees nie. Ek is nie versienende nie en wil nie op die saak ingaan nie maar ek is lankal teen partyslagkreete en streke gewaarsku en ek is ook seker dat hoe nader die verkiesing kom hoe meer „waarskuwings” en „oprope” aan die volk gedoen sal word, nie soseer om Suid-Afrika te red nie maar om stemme te kry. Ek ken mos die taktiek, ek was self in die partypolitiek vóór 1938.

Ook het die regerende party nog nie bewys gelever dat hy werklik vriendelik teenoor die Ossewabrandwag gesind is nie. Sover ek weet het die party nog nooit eintlik toenadering met die O.B. gesoek nie—tensy ons agter hulle inval—en sover ek weet is nog nooit 'n erkende O.B.-lid 'n pos aangebied nie. Dit word alleenlik vir partymanne aangebied of hulle nou daarvoor bekwaam is aldan nie. Voor die laaste verkiesing het adv. J. G. Strydom beloof dat as sy party inkom sal hulle die mense wat onskuldig vervolgd was, vergoed; vier jaar is verby en daardie belofte is nog nie nagekom nie.

Ten slotte wil ek graag dit sê: Ek maak geen propaganda vir of teen die Nasionale Party nie en op stemdag sal ek vir die

Soos Ons Lesers Dit Sien

Nasionale kandidaat stem want ek het geen keuse nie omdat ons die las van die Britse parlementêre sisteem moet dra, maar ek sien nie kans om boetieboetie met die partypolitici te speel nie. Op die oomblik, lyk dit vir my, het die O.B. 'n partyskok gekry wat hy aan sal ly tot die a.s. verkiesing verby is. Ek voorspel egter dat ná die verkiesing sal daar 'n herlewing kom en die O.B. sal weer 'n mag in ons land word.

(’n Gedeelte van die brief wat oor die voormalige leier handel het ons wegelaat. Die besluite van die Grootraad van 1951 was nie onwettig nie, maar is nou bevestig deur die Laertrek. Die organisasie bly voortbestaan tot tyd en wyl daar uitgemond word in 'n groter republikeinse beweging.—RED.)

Republikeinse Koers

Mnr. Fred Hattingh, Ysterplaat, skryf:

Die besluite wat op die onlangse laertrek op Bloemfontein geneem is, is regtig bemoedigend, en duisende van ons republikeinse nasionaliste sien belangstellend uit na die tot standkoming van 'n suiwer republikeinse beweging, die naam waarvan elke draadsitter behoort te oortuig dat daar maar één oplossing vir ons probleme is en dis 'n republiek buitekant die Statebond. Ek wil dan ook van die geleentheid gebruik maak om die Grootraad en die Laertrek wat vir die besluite verantwoordelik is van my innige waardering te verseker. Die afskaffing van die poste K.G. en A.K.G. sal ook baie daartoe bydra om mense wat enigins skugter teenoor die militêre aard van die Ossewabrandwag gestaan het te oortuig dat die beweging nie 'n on-Afrikaanse gedroeg is wat sy besieling uit uitheemse ideologieë put nie, maar 'n suiwer Afrikaanse boereestuntjie wat sy krag en inspirasie uit eie bodem adem. Daar's vandag honderdduisende Suid-Afrikaners wat net soos ek opheroep van die partypolitieke afskeid geneem het. Nie omdat ons juis teen die een of ander politieke party gekant is nie, want hulle is tog maar almal eenders, maar omdat ons oortuig is dat die partypolitiek nooit daarin sal slaag om ons landsvraagstukke op te los nie. Dis nie die manne en vroue wat daarby betrokke is nie, maar die stelsel wat nie deug nie, daarom moet daar 'n verandering gemaak word. In hierdie stadium wil ek nie meer sê nie want ek weet nie watter stappe gedoen word om die nuwe beweging in die lewe te roep nie, maar ek verwelkom die voorstelle wat ook ons blad 'n naam sal besorg wat geen twyfel laat nie. Kom, nasionaliste, laat ons opsaal en koers hou. Daar voor agter die bult wag die eindbestemming op ons volk—republiek buite die Statebond. Hier stel ons ons eie grondwet op, nie om bandeloos te maak wat ons wil nie, maar om soos ware demokratiese voor ons grondwet te buig sonder om 'n minderwaardige kompleks te ontwikkel en ons land op eg Suid-Afrikaanse grondslag te regeer.

Geen Verandering Van Beleid

Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:

Die vraag is deur iemand onregstreeks aan my gestel: „Wat sou die mense wat so danig tevrede was met mnr. J. A. Smith (Vervolg in volgende kol.)

„VRYER” INDIË IS EMPIRE-WINS

'n Ontkenning dat Indië vir die Britse Ryk verlore is, is vervat in 'n hoofartikel van die Londense Daily Herald na aanleiding van dr. Malan se bewering dat Brittanje Indië reeds verloor het en besig is om die Goudkus te verloor.

Nadat die blad dr. Malan se verklaring dat Brittanje sy graf in Afrika sal vind indien hy op die ingeslane weg volhard, aangehaal het, verklaar hy:

„Indië is nie verlore nie. Hy is 'n eerbare lid van die Statebond wat 'n belangrike rol speel in wêreldsaak en wat op 'n vriendskapliker voet met

hierdie land (Brittanje) verkeer as vir baie geslagte terug.”

„Wat die Goudkus betref, ver daarvan dat hy verlore is, is daardie land besig om sy eie toekoms uit te lê, wat ondenkbaar sou gewees het indien Brittanje die natuurlike se regte sou misken en hul pad na verantwoordelijkheid sou versper het.”

(Vervolg van vorige kolom)

as K.G. van die Ossewabrandwag nou van hom dink noudat hy ook maar besluit het om hom te vereenselwig met die gedagte dat dit die beste is om by die N.P. te staan?” Met vrymoedigheid kan ek hierop antwoord dat ons dankbaar voel dat die leiers na wie ons opgesien het en vertrou het om verstandige en koersgewende leiding tot eer van ons Allerhoogste, nog nógóit teleurgestel het nie, maar met die daad die leuse uitteef van: „Ek sal my mede-Afrikaners nie in die steek laat en hul nie aan die vyand uitlewer nie.” Ek meen stellig dat ons almal wat na volkseenheid verlang moet erken, ons leiers het in alle opsigte gehandel met die volk in gedagte; ek het eerlik nog nógóit geglo dat enigeen van hulle na leierskap of posisie in die samelewing gestrewe het nie; hulle dade toon dat hulle na hoër en edeler ideale gemik het en ek is oortuig dat hulle dit verwesenlik sal sien.

(Dit is verbasend hoe die koerante se woordestellings ten spyte van weerleggings by mense inslaan. Daar was nêrens sprake dat mnr. J. A. Smith hom „vereenselwig” het met die gedagte dat dit beste is om maar by die N.P. te staan” nie. Intendeel, mnr. Smith se standpunt, soos deur homself ná die Laertrek op Goodwood uiteengesit, was dat hy nie kans sien om aan 'n party te behoort as hy vir die O.B.-ideale wil strewe nie. Mnr. Smith sowel as die O.B. se standpunt bly onveranderd ongeag wat in koerante voorgee is, en dit is dat die O.B. voortgaan op sy ingeslane nie-partypolitieke republikeinse koers en dat dit lede vrystaan om aan 'n nasionale politieke party te behoort as hulle wil, net soos dit hulle nog altyd vrystaan het om te doen. Die verbod op lidmaatskap aan die Herenigde Nasionale Party was nie 'n verbod van die O.B.-leiding se kant nie, maar van die party-leiding se kant. Die O.B. het nog nooit enige lid belet om aan 'n party te behoort nie.—RED.)

VOLK VIR GEK GEHOU

(Vervolg op bladsy 2 kolom 5)

Daardie meerderheid kan hulle kry—as die V.P. tog maar net wil help.

En die V.P. weet dat die regeringsparty oor hulle verleë is. Die geleentheid om 'n slag te slaan of te probeer slaan is nou daar. Eerstens kondig mnr. Strauss dan ook aan dat hy die kleurvraagstuk uit die partypolitiek wil lig. Dit bou al vanselfsprekend in die samewerking van die twee partye. Tweedens herhaal hy sy party se beleid van afsondering. Dit is maar 'n ander naam vir apartheid. Net sterker, sê dr. Malan. Mnr. Strauss het nou die deur vir onderhandeling, op grondslag van „apartheid,” oopgemaak. En in sy toespraak op Uitenhage het dr. Dönges al binne in die oop deur gaan staan. Wat gaan volg? Ek weet nie. Maar een ding is seker:

Die N.P. moet oorweeg of hy nie maar die kleurvraagstuk moet likwider nie, want die vraagstuk se teelkind—die konstitusionele vraagstuk—dreig om meer stemme van die N.P. weg te trek as wat die kleurvraagstuk kan aanbring. En die V.P. is gretig om die N.P. te help om die kleurvraagstuk te likwider—op konstitusionele wyse, want dan wen hy oor die konstitusionele kwessie teen die N.P.

Hierdie omstandighede bring mee dat dit vir al die beroeps-politici voordelig is om nou vir die „volk daarbuite” te begin vertel dat die N.P. en die V.P. albei blank Suid-Afrika wil red—die een deur apartheid en die ander deur afsondering!

'n Radar-instrument wat die snelheid van motors bepaal en fotos neem van diegene se nommerplate wat die snelheidsbeperkings oorskry, is so pas in werking gebring in New York.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertisies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensieged, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen biliker pryse. Babawaentjies, stookkarretjies, driewiele, linoleums, tapye, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel.—VISSEER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHAARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—BOEREGENESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg. D1/9/49

ANTIGREYS KUNSMATIGE HAAR, kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg. F14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis. Oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 11/9/49)

Beter Tabak maak Beter Sigarette



BRITTANJE STEUR HOM NIE AAN BEGINSELS : LES VIR SUID-AFRIKA

Dat eiebelang en nie beginsels nie die maatstaf is waarvolgens groot moondhede, en by uitstek Brittanje, handel, is nogeens bewys in die geval van Egipte. In hierdie land is 'n militêre diktatuur ingestel nadat 'n staatsgreep van genl. Mohammed Naghib die bestaande politieke stelsel omver gewerp het. Teen hierdie diktatuur het daar nog geen woord van afkeur van Britse kant gekom nie. Inteendeel. Brittanje het hulp aangebied aan die Naghib-diktatuur.

Van die oomblik dat dit bekend geword het dat Naghib die partypolitici in Egipte met sy staatsgreep oortroef het, het die Britse pers 'n buitengewoon simpatiske beriggewing oor sy doen en late geopenbaar—'n houding wat mens nie verwag het van dieselfde pers wat met soveel venyn teen genl. Franco se bewind gekeer is net omdat hy nie langs parlementêre weë aan bewind gekom het nie. Naghib se verjaging van koning Faroek uit die land het ook nie die Britse agting vir 'n kroon gekwes nie. Die Britse antwoord op hierdie onkonstitusionele en diktatoriale optrede was om die verbod op wapens na Egipte, wat 'n tyd gelede ingevoer is, op te hef en aan te bied om Egiptiese offisiere op te lei. Verlede week is die vriendskap uitgebrei tot 'n aanbod van hulp in verband met Naghib se voorgenome landhervorming—wat tot die heel ondemokratiese ont-eiening van 'n aantal Egiptiese grondbesitters gaan lei.

STEUN NAGHIB

„Ons is ten gunste van Naghib, maar ons wil dit nie te openlik bekend maak nie,” het 'n segsman van die Britse departement van buitelandse sake gesê.

Waarom is die demokratiese gevoel van Brittanje nie deur die Egiptiese diktatuur geskok nie? Waarom verleen Brittanje hulp aan 'n diktator wat die politieke partye van 'n kant af opdreun—dieselfde Brittanje en dieselfde pers wat die demokratiese Suid-Afrikaanse regering van diktatuur beskuldig omdat die stemreg nie aan alle nie-blankes behoort nie?

memo oor persoonlike keurigheid



—en moet my
Eau de Cologne
en Laventel
nie vergeet nie—
K.W.V.
natuurlik!

Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

Die rede lê voor die hand: Die demokratiese Wafd-party, die grootste politieke party in Egipte, is vir Brittanje se belange 'n gevaar, want dit was hierdie party, onder toelating van oudkoning Faroek, wat die Britse belange in die Suez en die Soedan uitgedaag het. Naghib word beskou as minder anti-Brits, en daarom minder anti-demokraties. Deur hulpverlening kan sy welwillendheid jeens Brittanje gewen word, en 'n pro-Britse diktator in Egipte is verkiesliker as 'n anti-Britse politieke party-bewind.

VAN GROOT BETEKENIS

Hierdie feit is van besondere betekenis vir Suid-Afrika en ons noem dit nie omdat ons genl. Naghib sy Britse hulp misgun nie, maar omdat dit leer dat mens met Brittanje nie op grond van beginsels moet onderhandel nie, maar op grond van Britse

belange. Suid-Afrika moet sy oorlogsbeleid en ekonomiese beleid ten opsigte van Brittanje nie baseer op sekere gemeenskaplike beginsels, want ná 'n waarskynlike derde wêreldoorlog sal Brittanje hierdie gemeenskaplike beginsels van anti-kommunisme nie meeronthou nie. Sy beleid sal dan bepaal word deur eiebelang, en terwyl dit nog Britse belang is dat Suid-Afrika vandag in die verdediging van Afrika 'n aandeel moet neem en dat Suid-Afrika ekonomiese offers moet bring, moet Suid-Afrika sy eise stel vir die verdeling van Suidelike Afrika en die oorgawe van die Protektorate, in plaas van hierdie hulp gratis aan te bied op grond van gemeenskaplike beginsel.

Hierdie gemeenskaplikheid van beginsel sal vir Brittanje verdwyn die oomblik dat 'n

(Vervolg in volgende kol.)

SAMEWERKING 'N KREET

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

daarvoor vind, net soos, die V.P. 'n afweerwapen teen dr. Malan se saamwerk-projektiel gevind het in die verskoning dat die Nasionale Party-beleid nie die grondslag vir samewerking moet vorm nie, maar dat die partye met ope gemoed moet saamkom.

Maar indien dr. Malan tog sou vind dat die V.P. se saamwerk-wapen vir hom te veel is en hy inwillig om saam te werk, verloor die V.P. as opposisie niks. 'n Halwe eier is vir hom verkiesliker as 'n leë dop. Die Nasionale Party is die groep wat sal verloor indien kleurbeleid as verkiesingsplanke verval. Dr. Malan sal ver moet soek om 'n plaasvervanger vir die verkiesing te vind, en sy aanvaarding van die V.P.-voorstel sal dus moet uitloop op 'n koalisie-bewind—iets wat egter nie die vrug van openbare aanbiedinge (in wese partypolitieke offensiewe) sal wees nie, maar van persoonlike onderhandelings agter die skêrns.

EGTE VERSKILLE

In geval van koalisie sal die verdeling oor kleurbeleid op eg prinsipiële grondslag—en dus in 'n besadigde atmosfeer—kan geskied. Aan die eenkant sal staan die politieke partye wat die standpunt van algehele of gebiedsapartheid verwerp as „onprakties” en net plaaslike skeiding binne blanke gebiede aanvaar op grondslag van die Fagan-verslag, en aan die ander kant diegene soos Sabra en die kerke wat algehele segregasie of selfstandige natuurellestasie as die enigste Christelike en blanke oplossing van die natuurelvraagstuk beskou. Teenoor hierdie twee standpunte sal 'n derde mening kan bestaan, naamlik van algehele gelykstelling, wat 'n onbenullige deel van die blanke mening sal verteenwoordig.

Soos prof. L. J. du Plessis 'n paar weke gelede in Dagbreek aangetoon het, sal die beleid van die twee politieke partye uiteindelik noodwendig moet uitloop op gelykstelling omdat die blan-

kes nie die natuurelmeerderheid onbepaald sal kan weerhou van hul aansprake op gelyke regte as deelgenote van die blanke beskawing nie. Hulle beleid sal ook nie die wêreldmening bevredig nie, sodat dit eintlik geen oplossing van die kleurvraagstuk nie.

Maar as verskil van mening oor kleursake eers op beginsel-grondslag gevoer kan word in plaas van op so 'n kunsmatige wyse soos die afgelope paar jaar tussen die partye, sal ons al ver gevorder het. Maar selfs dit bly 'n groot „as” solank saamwerk-voorstelle maar net partypolitieke troewe is waarmee die partye mekaar probeer mat sit in die spel om beheer van die groen kussings.

WANNEER „VOLKSWIL” WEL GEVETO KAN WORD

Die Verenigde Party en sy pers skop 'n wolk van stof op omdat die Goewerneur-generaal 'n gedeelte van 'n ordonnansie van die Kaaplandse provinsiale raad geveto het. Die betrokke deel gee ouers die vryheid om ná standaard vyf in plaas van ná standaard ses te kies in watter taal hul kinders onderrig moet word.

Of die Goewerneur-generaal die reg het om 'n gedeelte van 'n ordonnansie te veto of net die hele ordonnansie, is 'n saak waarvoor daar seker verskil van mening kan bestaan, maar die V.P. en sy pers se eintlike beswaar is dat die Goewerneur-generaal (of regering) die „volks-wil” van Kaapland geweld aangedoen het. Soos die Cape Times dit uitdruk: „In werklikheid het die volkswil van Kaapland een beleid in die ordonnansie neergelê, en die kabinet het besluit dat dit net die teenoorgestelde moet wees. Deur 'n eenvoudige skraping het die regering die provinsiale raad gesystap, die Kaap 'n ander ordonnansie gegee en die provinsiale stelsel belaglik gemaak.”

Beginnels moet 'n mens natuurlik nie by politieke partye verwag nie. Die V.P. en sy pers wat nou so verontwaardig is omdat die provinsiale stelsel „belaglik gemaak” word, het presies dieselfde ding 'n twaalf jaar gelede in die Vrystaat gedoen. Die provinsiale raad het met 'n veel groter meerderheid van stemme as nou in Kaapland 'n ordonnansie aangeneem om die wykstelsel in die Vrystaatse stadsrade in te voer. Dit is egter deur Goewerneur-generaal (of kabinet) geveto omdat die uitwerking daarvan sou wees dat Bloemfontein, met sy Afrikaanssprekende meerderheid, ook 'n paar Afrikaanse stadsraadslede sou kry in plaas van die honderd persent Engelse raad wat hy toe gehad het volgens 'n stelsel wat so onbillik teen die Afrikaner gediskrimineer het dat geen Afrikaner 'n kans gehad het om tot die stadsraad verkies te word nie.

Toe het die Cape Times dit nie as 'n systapping van die volkswil beskou nie. Toe het dit die provinsiale stelsel nie be-

(Vervolg van vorige kolom)

kommunistiese verowering van sy Empire nie meer 'n bedreiging van sy belange is nie. Brittanje sal net so maklik die diktatuur van 'n Dingaan of Tsjaka in Suid-Afrika verkies bo 'n demokratiese Nasionale Partybewind as hy daardeur verseker kan wees van ons goud en uraan.

laglik gemaak nie, want toe was dit 'n V.P.-kabinet en nou is dit 'n N.P.-kabinet, en wat 'n wêreld van verskil maak dit tog nie aan 'n partypolitieke beginsel nie!

L.V. MOEG VIR ONSINNIGHEID

'n Parlements-lid van die Verenigde Party, mnr. R. S. Brooke, wat in 1948 vir Mowbray (Kaapstad) gekies is, het aangekondig dat hy nie weer sal staan nie omdat hy „wil terugkeer na daardie kringe waar mense verstandig praat (talking sense).” „Ek kan dit nie van die parlement sê nie,” verklaar hy.

Mnr. Brooke is 'n nyweraar, en die onwerklike stryd in die parlement met die gepaardgaande gevoelsopsweping was vir hom te veel. Hy wil terugkeer na die werklikheid—na „die volk daarbuite” waar mense verstandig oor dinge praat.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.




DIE STEMPEL
VAN UITKOMS
WANT BY
SANLAM
IS UITKOMS
VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens na jou eie
mense soek...

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense
vind—by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM



JAGSEISOEN

Om met 'n mauser te korrel en grootwild te skiet, om 'n De Wet-mes te vat en rugbilyng te sny... dit is die Afrikaanse lewenswyse. Maar of jy nou leus gaan jag of net bokke gaan skiet, Rembrandt word altyd verkies. Die sigaret gemaak van die room van die oes... ook dit is tipies Afrikaans.



KURK. ONGEKURK. FILTER.....STANDAARD EN VAN RYN. GROOTTE
ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kopiereg.

RA 117.